

## **JUNIE: God se vernuwingsstroos werk deur die Heilige Gees**

---

Donderdag **20 Junie**

**Skrifgedeelte: Romeine 8:12-17 (AFR83)**

**Fokusgedeelte: Romeine 8:16, 17**

**Die Gees gee oortuiging en sekerheid**

Die Gees van Christus wat in ons woon, gee nie alleen lewe en vrede (8:6) nie, maar ook sekerheid oor die hede en die toekoms! En hierdie sekerheid wat die Gees gee, beantwoord twee van die mens se grootste vrae naamlik: Wie is ek, en waarheen is ek op pad?

Op die vraag wie is ek, kry ons die duidelike versekering dat almal wat hulle deur die Gees van God laat lei, is kinders van God (8:14). En dit is 'n geweldige troos in 'n deurmekaar en onsekere wêreld, want kinders van God is nie slawe nie, maar vrygemaaktes; kinders van God lewe nie meer in vrees nie, maar in dankbaarheid; kinders van God is nie kinders van die wind nie, maar het 'n liefdevolle Vader (8:15).

En daarom beleef kinders van God in hierdie lewe sy onverdiende guns en goedheid, sy bewaring en beskerming, sy genesing en versogring, sy vertroosting en bemoediging. Hierdie seëninge kom van 'n liefdevolle Vader in die hemel, na sy kinders op aarde!

Maar die sekerheid wat die Gees ons gee, strek ook verder tot in die ewigheid! Omdat ons kinders van God is, saam met Jesus Christus, is ons ook erfgename saam met Christus (8:17)! En daarom sal Christus se heerlijkheid ook eendag ons heerlijkheid word! Dit is die heerlike belofte van die ewige lewe wat die Gees aan ons gee.

Daar is dus vir God se uitverkore kinders geen rede tot twyfel nie, alleen maar opregte dankbaarheid vir ons enigste troos in lewe en in sterwe!

*Sing: Skrifberyming 5-4:1-6 (Paastriomf)*

*Ds. OJ (Ockie) Struwig (Frankfort)*